

## Gereformeerde Kerk Bellville – 18 November 2018 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Psalm 59:1, 2 (p. 289)

- 1 Red my, o God, wil my bewaar! / Die vyand kom, 'n sterke skaar.  
Neem my tog in u hoede<sup>n</sup> en wag / vir teëstanders en hul mag;  
die manne wat net onreg werk, / is in hul bloeddors my te sterk.
- 2 Want kyk, hul lê en loer op my. / Hoe sterk is nou my weerparty!  
Hoe maak hul klaar, storm op my aan, / al het ek nooit teen hul misdaan.  
Ontwaak, my tegemoet, aanskou / hoe ek op U alleen vertrou!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte<sup>n</sup> en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale<sup>n</sup> oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;  
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank!  
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;  
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;  
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.  
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:  
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.  
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag  
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

Psalm 77:1, 2 (p. 384)

- 1 Opwaarts klim my roep en rede, / o my God, verhoor my bede;  
in benoudheid, altyd weer, / neem ek toevlug by die HEER,  
En my hande, hele nagte, / met my worst'lend in my klagte,  
bly, terwyl 'k mistroostig smeek, / sonder moeg word, opgesteek.
- 5 Sou God sy gená vergeet het? / Van my onheil nie geweet het?  
Is ontferming dan vir my / deur sy gramskap afgesny?  
Ja, Gods hand, voorheen grootdadig, / red ons nou nie meer genadig,  
ons wat diep ellendig is – / dit is my bekommernis!

**Skriflesing:** Rigters 6:1-40

**Kernverse:** Rigters 6:14-16

**Toe draai die HERE na hom toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie? Maar hy vra Hom: Ag, Here, waarmee sou ek Israel verlos? Kyk, my geslag is die swakste in Manasse, en ek self die geringste in my familie. Toe sê die HERE vir hom: Ek sal met jou wees, sodat jy die Midianiete soos een man sal verslaan. (Rigters 6:14-16 AFR53)**

**Tema:** Verlossing is die Here se werk – die mens is net 'n instrument

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, tot dusver het ons in die boek Rigters keer op keer gesien hoe daar dinge is wat by herhaling gebeur. Vir 'n tyd lank gaan dit goed met Israel omdat daar vrede in die land is. Maar net sodra die rigter sterf wat die Here gebruik het om Israel van hulle vyand te verlos, doen Israel weer wat verkeerd is in die oë van die Here. En dan begin die patroon van vooraf – die Here tug sy volk, Israel roep tot die Here en die Here gee aan hulle 'n verlosser.

Alhoewel die Here aanhou om te doen wat Hy belowe het – om Israel se God te wees – gaan die Here nie elke keer op dieselfde manier te werk nie. Daarom kan ons seker wees dat die Here sy beloftes sal vervul, maar geen mens kan sê hoe die Here Hom sal verheerlik nie. Dus kry ons elke keer met iets te doen wat al bekend is en tegelykertyd kry ons met iets nuuts te doen. Dit is in hierdie *iets nuuts* wat ons die Here nog beter leer ken.

In die twee hoofstukke waarin die Heilige Gees vir ons vertel hoe die Here sy volk met Debora en Barak van die Kanaäniete verlos het, het Hy ons geleer dat Christene in die wêreld is maar nie van die wêreld nie. Daarom moet hulle anders wees – hulle moet die Here gehoorsaam. In die geskiedenis van Gideon leer die Here vir Israel hoe 'n menigte van vyande hulle het en hoe swak hulleself teenoor hierdie magdom vyande is. Maar wanneer jy jouself aan die Here onderwerp en Hom gehoorsaam, sal God se krag in jou swakheid volbring word. Verlossing is dus die Here se werk alleen. Die mens wat die Here gebruik, is net die instrument in sy hand.

Broers, susters en kinders, wanneer jy Rigters 6 begin lees tref Israel se misdaad 'n mens sommer in die eerste sin. Die Heilige Gees wil nie dat 'n mens moedeloos word nie, maar dat 'n mens sal raaksien wat die Here besig is om te doen. In die eerste deel van hierdie hoofstuk is die Here besig om die toneel op te stel sodat Hy Homself voor die oë van sy volk en die hele wêreld kan verheerlik. In die woorde van die skrywer van hierdie boek, van die profeet en van die Engel van die Here, hoor ons hoe die Here die toneel gereedmaak.

Die patroon van Israel se opstand, die Here se tug en Israel se roep om hulp is al bekend. Die Here gebruik egter 'n nuwe vyand om sy volk te tug. Die Here het sy volk oorgegee in die hand van die Midianiete en hulle het bondgenote – die Amalekiete en die nasies uit die Ooste. Hoewel hierdie nasies se name die eerste keer in Rigters genoem word, is hulle nie onbekend nie.

Met hierdie twee name word Israel aan die verlede herinner. Die Midianiete en Amalekiete was al vyande van die volk van die Here in die dae van Moses. Dit wil sê, Israel kry nou met vyande te doen wat al vir baie jare vyande van hulle is, maar wat hulle tot dusver nog nie kon oorwin nie. Oor die Amalekiete het die Here nog aan Moses gesê dat hulle geheel en al van die aarde verdelg moet word (Eks 17:14-16).

Let op wat beklemtoon die Heilige Gees oor hierdie vyande. Hierdie ou vyande wat nou weer hulle opwagting maak, het elke keer Israel se gesaaides kom plunder net wanneer hulle geoes moes word. En hierdie vyande het nie net aan die oorkant van die grens geplunder nie. Hulle het omtrent die hele land deurtrek van die Jordaanrivier af tot by die see in die weste. En dit was nie maar net 'n rowerbende wat gekom het nie. Die vyand was 'n horde – soos sprinkane in hulle menigtes. In die hande van hierdie oormag van vyande het die Here sy hele volk oorgegee. En elke jaar, vir sewe jaar lank, het die vyande nou al Israel se gesaaides en hulle vee geplunder sodat hulle baie arm geword het.

Dit is ook die tweede keer wat die Here 'n profeet aan sy volk gee. Die eerste een was die profetes Debora. Maar hierdie profeet in Gideon se tyd bring 'n onverwagse boodskap. Die patroon wat 'n mens verwag, is dat die profeet sou sê dat die Here Israel se opstand gesien het en daarom het Hy hulle in die hande van die Midianiete oorgegee. Maar nou het die Here Israel se geroep gehoor en Hy gaan vir hulle 'n verlosser gee. Dit is die boodskap wat 'n mens hoop om te hoor, maar nie hoor nie. Die profeet het ook nie kom sê dat die Here nog nie tevrede is met Israel se berou nie.

Hy het net kom verkondig wat die Here gedoen het. Die Here het Israel uit die hand van Egipte en die heidene in die beloofde land verlos en Hy het die beloofde land aan Israel gegee. Die Here het hulle verseker dat Hy hulle God is, daarom moet hulle nie die afgode dien nie. Maar Israel het nie geluister nie. 'n Mens verwag dat daar nog iets gesê moet word. Iets soos – Ek gee julle nog 'n kans, of Ek gaan julle nie nog een kans gee nie. Maar die profeet sê niks verder nie.

Wat moet 'n mens aflei uit hierdie woorde van die profeet? In die woorde van die profeet gee die Here 'n verduideliking aan Israel sodat hulle kan verstaan wat aan die gebeur is. Die profeet verkondig aan Israel die groot genade wat die Here aan hulle betoon het. Hy het so baie genade aan hulle bewys en wat was Israel se antwoord daarop? die een opstand na die ander. Daarom is dit nie verbasend dat die Here 'n ontelbare aantal Midianiete gebruik om sy volk te tug vir die baie kere wat hulle die Here se oneindig groot barmhartigheid verwerp het nie.

Dan ontmoet ons weer die Engel van die Here wanneer Hy by Ofra aan Gideon verskyn. Dit is ook al die tweede keer dat ons van die Engel van die Here lees. In Rigters 2 het Hy ook aan die volk verskyn. Toe het die Here sy volk verseker dat Hy sy verbond met hulle sal hou en hulle vermaan omdat hulle nie na die Here se stem geluister het nie.

Hierdie keer verskyn die Engel van die Here aan Gideon – nie om te vermaan nie – maar om die laaste deel van die toneel gereed te maak sodat die Here Homself kan verheerlik. Die Engel van die Here begroet Gideon met woorde wat aanvanklik nie lyk asof dit hier pas nie. Hy sê vir hom:

**Die HERE is met jou, dapper held!** (Rigters 6;12b AFR53)

Gideon kom allermens voor as 'n dapper held. Hy staan gehurk binne in 'n parskuip en hy is nie besig om druiwe te pars nie. Hy is besig om koring in 'n parskuip uit te slaan. 'n Mens slaan koring eerder op 'n dorsvloer uit wat op 'n hoogte gebou is. Dan kan die wind die stop-pels wegwaai sodat jy die skoon koringkorrels bymekaar kan maak. Gideon durf nie die koring op 'n dorsvloer uitslaan nie, want dan gaan die Midianiete op hom toeslaan en hom beroof van sy koring.

Die Engel van die Here het Gideon nie so begroet om 'n bespotting van hom of Israel te maak nie. Gideon in die parskuip is inderdaad 'n uitbeelding van Israel se toestand. Hulle is verarm en leef in vrees en bewing vir die magdom vyande. Hulle kan nie waag om hulle sigbaar te maak nie, daarom kruip hulle in skeure en grotte weg. Die begroeting van die Engel van die Here is eerder profeties. Deur die krag van die Here sal Gideon 'n dapper held wees.

In die gesprek tussen Gideon en die Engel van die Here herinner die Heilige Gees ons aan 'n soortgelyke gesprek. Dit was die gesprek tussen die Here en Moses nog by die brandende bos. Net soos nou was Israel destyds ook in 'n groot benoudheid en hulle het tot die Here geroep. Soos destyds vir Moses, sê die Here ook nou vir Gideon om te gaan in die krag wat hy nou het om Israel te verlos. Soos Moses protesteer Gideon ook en sê dat hy dit nie kan doen nie. Sy familie is die swakste in die hele Manasse en hy is die geringste een in sy familie. En soos destyds aan Moses, belowe die Here ook nou aan Gideon dat Hy met hom sal wees sodat hy die Midianiete sal oorwin asof hulle net een man is. Gideon het beslis nie in homself die krag en moed om as dapper held sy volk van so 'n sterk vyand soos die Midianiete en hulle bondgenote te verlos nie. Maar wat God met Gideon as instrument in sy hand gaan doen, sal merkwaardig wees. Niemand sal die grootheid van die Here en sy groot genade kan ontken nie.

Die Heilige Gees beklemtoon ook hier die getalle soos wat Hy gedoen het in die vertelling van die skrywer van die boek en in die woorde van die profeet. Die Engel van die Here ver-seker Gideon: **Die HERE is met jou.** En die Here het Gideon aangesê: **Gaan in hierdie krag van jou.** Elke keer is dit enkelvoud *jou*, want die Here praat met Gideon alleen. En dan kom die groot verrassing: **Jy sal die Midianiete soos een man verslaan** al is hulle 'n horde.

Gideon het nie die krag gehad waaroor die wêreld gaande sal wees nie, maar hy het krag gehad wat die Here in sy kinders soek. Hy het die krag van nederigheid gehad, hy staan gebukkend in 'n parskuip. Hy het die krag van omgee, want hy is besorg oor Israel se toestand. Hy het die krag van kennis, want hy weet dat God al groot dade gedoen het. Hy het die krag van iemand wat honger en dors na geregtigheid, want hy wil hê dat God sy magtige dade sal doen. Hy het die krag van iemand wat bereid is om te leer, want hy luister na wat die Engel van die Here sê. Hy het die krag van iemand wat swak is en God se krag word in die swakheid van sy kind volbring.

Gelowige, is dit die soort krag wat jy ook in jouself herken – nederigheid, honger en dors na geregtigheid, inskiklik om by die Here te leer en erkenning van jou eie onvermoë. Elke gelowige behoort hierdie soort krag in homself ontdek. En as ek en jy nog nie hierdie krag in onself herken nie, sal ons dit gou herken wanneer die Heilige Gees die vyand aan ons bekend stel.

Omdat gelowiges in die wêreld is, is hulle tussen die vyand. Vir Israel was dit die afgodediens van die Kanaäniete. Vir die gelowiges vandag is dit die beleid van 'n politieke party, ekonomiese planne, filosofiese bewegings of die vermaaklikheidsindustrie. Al hierdie dinge het een ding in gemeen – hulle is groot genoeg om vir ons iets te doen wat onself nie kan doen nie en tog kan ons hulle op 'n manier ook dwing in die rigting wat ons wil hê dit moet gaan. Israel het toegelaat dat die denkwysse van die Kanaäniete hulle infiltreer. In hoe 'n mate dink en redeneer ek en jy ook al soos die wêreld waarin ons leef. Ons laat toe dat hierdie wêreldse dinge so 'n groot rol in ons lewens speel dat ons dink ons kan nie sonder hierdie dinge leef nie.

Dit is een van die vyande waarteen die Here wil hê sy kinders moet opstaan. Gideon moes dit doen deur die altaar van Baäl en die heilige boomstam daar langsaan af te kap. Dit was sy eerste tree in gehoorsaamheid aan die Here.

Die tweede vyand waarmee Israel te doen gehad het, was die Midianiete en hulle bondgenote. Wat so skrikwekkend van hierdie vyand was, is nie dat hulle so baie en so sterk is nie, maar dat die Here hierdie vyand na Israel gestuur het. Omdat Israel hulle vertrou met verloop van tyd in een wêreldse mag – die denkwyse van die Kanaäniete en hulle afgode – geplaas het, is dit nie 'n wonder dat 'n ander wêreldse mag hulle voorspoed van hulle weggevat het nie. Baie mense plaas hulle vertrou in die finansiële markte en dan gebruik die Here ander kragte in die wêreld om juis daardie rykdom van hulle weg te vat.

Gideon moes ook teen hierdie oormag van die Midianiete opstaan. Daarom het die Here hom aangesê om die ramshoring te blaas. En uit die stamme van Manasse, Aser, Sebulon en Naftali het die Here ter bemoediging van Gideon die manskappe laat aankom. Twee en dertig duisend manskappe het om Gideon vergader (Rig 7:3).

Elke gelowige word opgeroep om teen die vyande wat hom van die Here wil wegtrek die stryd te voer. Maar nie een gelowige word aangesê om stoksielalleen die stryd te voer nie. Rondom sy kind vergader nog kinders van Hom wat Hom gehoorsaam. As kerk van die Here moet al die gelowiges saam die stryd voer teen wat duidelik verkeerd is in die oë van die Here. Dit is bemoedigend om te weet en te sien dat jy nie alleen die Here wil gehoorsaam nie. Daar is nog ander wat ook soos jy met die Gees van God vervul is om Hom te gehoorsaam.

Gideon het die moed gehad om die afgodery in Israel te bestry en om die Midianiete te bestry, maar in homself het hy nog nie die moed gevind om ten volle die Here se opdrag uit te voer nie. Daarom het hy die Here nog twee maal met die wolvlies die versekering gevra dat hy op die regte pad is.

Gelowige, jy hoef nie vir nog tekens van die Here te vra om seker te maak dat jy op die regte pad is as jy begin doen wat die Here jou beveel nie. Die Here het sy Woord aan jou gegee waarin Hy aan jou al die versekering gee wat jy nodig het. Jesus Christus se dood aan die kruis en sy opstanding uit die dood is die versekering wat die Here aan elkeen van sy kinders gee dat Hy ernstig is met die stryd teen die duiwel en al sy bose magte.

Wanneer ek en jy dan hierdie week aanpak en gehoorsaam aan die Here opstaan teen die vyande wat die Here se Woord en sy kerk en jou geloof bedreig, kan ons maar seker wees dat die kragte teen hulle kan toeneem. Die duiwel kan dit nie verdra dat die swakke kinders van God hom teenstaan nie. Die Heilige Gees herinner jou dan aan Christus se kruis en leë graf. Moenie twyfel nie, maar stel jou vertrou in die Here vir elke stryd wat jy moet aanpak. Dit is die Here self wat uiteindelik die duiwel en al die bose magte geheel en al sal verdag. In jou swakheid sal Hy sy krag volbring, want Hy wil Homself verheerlik.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 18:15, 16 (p. 76)

- 15 God het met krag my aangegord; / deur Hom 't my weg gelyk geword.  
Hy laat my voete op dié baan / so maklik soos die herte gaan,  
en lei my na die hoogtes dan / van seëpraal en heerskappy;  
my hande leer Hy om te stry, / dat ek 'n koperboog kan span.

16 Die skild van redding gee U my, / u regterhand was my naby;  
u goedheid het tot my genaak / en my uit kleinheid groot gemaak.  
My voet was deur u guns weer vry, / my enkels het my nie gefaal;  
ek het my vyand ingehaal, / verdelg, geeneen het oorgebly.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

### **Katkisasieopening**

Skrifberyming 10-2 (Sb 28b)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,  
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.  
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe  
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.  
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
18 November 2018